# DIENSNUUS

Ons gee God se hoop en liefde aan

## Sondag 26/3

Lydenstyd

09:30 Erediens /Kategese afsluiting

Deuroffer: Vroubediening

Diensbeurt: Sentrale

## Sondag 2/4

GROOT LYDENSWEEK BEGIN

DAG VAN DANKSEGING &

VEROOTMOEDIGING

DANKSEGGINGSONDAG

09:30 Erediens / Gee Kategese

Deuroffer: Hoop & Versoenings Trust

# #Imagine 2023


Hierdie naweek was #ImagINe aan die gang. Dit is `n beweging onder tieners wat opnuut geïnspireer word met die evangelie. Dis `n beweging waar ons tieners weer wil help verstaan wat is die groter prentjie van God se droom en planne vir hulle in ons land. Dis `n beweging waar ons tieners weer wil laat glo in God se teenwoordigheid in hul lewens.

Dit was `n voorreg om so bietjie meer as 1100 tieners vanuit die Wes-Kaap en Oos-Kaap te bedien. Hierdie geleentheid tap baie energie uit leiers vanuit verskillende gemeentes. Mense wat dien by die gebed stasies, organisering van die experience, aanry en leiding van groepe, berading en musiek. Mense wat vervoer organiseer, tente reël, borge soek ens. Dit is `n reuse organisasie, maar dis altyd oor en oor die moeite werd. Gemeentes war ook hierdie jaar tieners en leiers aangery het na die geleentheid sal die vrug daarvan pluk. Alles vir die Koninkryk.

**Vir enige navrae kontak my gerus: Willem 082 718 7298**

Ons het die naweek met die Emmaus gangers se storie gewerk. Hoe hulle in onsekerheid en vertwyfeling was nadat Jesus gekruisig is. Hoeveel vrae hulle gehad het, en hoe Jesus saam met hulle gestap het tot by hul huis. Nadat Hy die brood gebreek het, het hulle besef Hy was heeltyd by hulle, en hulle het teruggegaan en gaan getuig dat Hy leef. Ons leef ook so `n lewensreis. Soms is ons in vertwyfeling en vol vrae. Jesus is by ons en ons mis dit soms, maar wanneer ons besef Hy is by ons brand ons harte warm en wil ons weer net gaan getuig en Sy lof besing.

Hier is so paar van ons eie Caledon kinders se terugvoering:



"I just want to say that the #Imagine camp was an prodigious experience, I loved to connect with God and meet new people."

***"It was a healing weekend and God was present"***

"I went to find a connection with God and I got so much more."

My eie belewenis was dat dit weer `n wonderlike geleentheid was om `n jonger generasie met die Evangelie van Jesus te bedien. God is met ons.

**Willem**

## Preeknotas 26 Maart 2023

Teks Openbaring 7: Hoop gee moed om te volhard.

*Wie sal staande kan bly in erge vervolging? Wie sal staande kan bly in God se oordeel?
*Die engele hou die winde vas...
*Daar is `n seël van die Lewende God, met implikasies vir my en jou:
Sekuriteit
Egtheid
Eienaarskap
Gesag
*Ons sal kan moed hou om te volhard.



### WAT IS LYDENSTYD?

Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die sterwe van Jesus verkondig deur sy lyding in herinnering te roep en in voorbereiding op die Paasfees.

**Waar kom Lydenstyd vandaan?**

Die Westerse kerk het in die tweede helfte van die vierde eeu in navolging van die Oosterse kerk begin om as voorbereiding vir Paasfees 'n vastydperk van 40 dae in te stel. Die getal 40 is op die voetspoor van Jesus, Moses en Elia. Die vas het meestal beteken dat slegs een maaltyd per dag sonder vleis geëet is.

Tradisioneel begin die vastydperk op As-Woensdag. Aanvanklik was die plaas van die as op die kop van 'n ernstige sondaar, 'n soort tughandeling en boete-oplegging van die kerk. Later het die as 'n meer seremoniële funksie gekry waarin die as, gewoonlik van die vorige jaar se palmtakke, op die voorkop van die lidmate in die vorm van 'n kruis gesmeer word.

**Wanneer vier ons Lydenstyd?**

Omdat Christene nie op Sondae, die opstandingsdag, gevas het nie, begin Lydenstyd op 'n Woensdag, 46 dae (40 dae en 6 Sondae) voor Paasfees.




| | | |
|---|---|---|
| Fred | Bosman | 03/26 |
| Philip | De La Harpe | 04/01 |
| Johan | Ellis | 03/24 |
| Hendrie | Fourie | 03/29 |
| Thys | Fourie | 03/27 |
| Sharon | Griessel | 03/30 |
| Stephan | Le Roux | 03/28 |
| Wilhelm | Louw | 03/26 |
| Piet | Rousseau | 03/25 |
| Angelique | Schönfeldt | 04/02 |
| Hannie | Swart | 03/28 |
| Juan | Theron | 03/26 |
| Jacobus | Theunissen | 03/28 |
| Michiel | Theunissen | 03/28 |
| Debbie | Van Der Mer-we | 03/26 |
| Adriaan | Wiehahn | 03/26 |
| Hanno | Wiehahn | 03/24 |
| CG | Willemse | 04/01 |






# Voorbidding

**Proppie en Elzane Bothma se tweeling**

**Bianca de Kock**

**Dan Swart**

## SO HOU ONS KONTAK!

**Kerkkantoor**: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

**Kantoor** Whatsapp-nommer:
072 807 3192

**Ds. Dewald du Toit**:
028 212 1332 |082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

**Ds. Willem Lubbe:**
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Snap here to pay
SnapScan

**Webblad:** ngcaledon.co.za

**Facebook**: NG Kerk Caledon Moedergemeente

**Bankbesonderhede:** N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509







